SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2017

# GEOGRAFIE V1

**PUNTE:** **225**

**TYD:** **3 uur**

*XGEOA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

2. Beantwoord enige DRIE vrae van 75 punte elk.

3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.

4. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Los ŉ lyn oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Moet NIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

8. Illustreer jou antwoorde met geannoteerde diagramme, waar moontlik.

9. Die puntetoekenning is soos volg: (2 x 1)(2) beteken dat TWEE feite vir EEN punt elk verwag word.
   (2 x 2)(4) beteken dat TWEE feite vir TWEE punte elk verwag word.

10. As woorde/aksie werkwoorde soos **noem**, **identifiseer**, **verskaf**, **klassifiseer** in ŉ vraag gebruik word, is EENWOORD antwoorde aanvaarbaar.
    As woorde/aksie werkwoorde soos **bespreek**, **definieer**, **verduidelik**, **lewer kommentaar**, **evalueer**, **regverdig**, **stel voor** en **staaf** in ŉ vraag gebruik word, word volsinne of frases verwag.
    Alle paragraaf vrae moet in VOLSINNE beantwoord word.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

### VRAAG 1

1.1 Verwys na FIGUUR 1.1 wat die struktuur van die atmosfeer aantoon en beantwoord die vrae wat volg.

1.1.1 Benoem lae **A**, **B** en **C**.

1.1.2 Noem EEN permanente gas wat in laag **A** voorkom.

1.1.3 In watter laag word osoon aangetref?

1.1.4 Laag **B** begin by ongeveer 16 km bokant die aardoppervlakte.

Tot watter hoogte strek hierdie laag?

1.1.5 Noem die grens wat die troposfeer vanaf die stratosfeer skei. (7 x 1) (7)

1.2 Kies ʼn term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf SLEGS die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer. Jy moet elke letter slegs EEN KEER gebruik.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Die punt in die aardkors waar ʼn aardbewing begin | A | Opening |
| 1.2.2 | Gewelddadige skud van die aarde se kors wat deur ʼn verskuiwing veroorsaak word | B | Tsunami |
| 1.2.3 | Die studie van die aarde se fisiese verskynsels en die prosesse wat dit vorm | C | Seismograaf |
| 1.2.4 | Vloeibare gesteentes wat op die aardoppervlakte vloei | D | Seismogram |
| 1.2.5 | Vloeibare gesteentes binne die aardkors | E | Magma |
| 1.2.6 | Die illustrasie van die seismiese golfpatroon wat deur ʼn aardbewing veroorsaak word | F | Lawa |
| 1.2.7 | ʼn Watergolf wat deur ʼn aardbewing onder die oseaan veroorsaak word | G | Geomorfologie |
| 1.2.8 | Pyp wat deur ʼn vulkaniese koepel na die oppervlak lei | H | Aardbewing |
| | | I | Fokus |

(8 x 1) (8)

Kopiereg voorbehou

1.3 Bestudeer FIGUUR 1.3 wat aardverwarming uitbeeld en beantwoord die vrae wat volg.

1.3.1 Wat is *aardverwarming*? (1 x 1) (1)

1.3.2 Identifiseer DRIE oorsake van aardverwarming wat deur FIGUUR 1.3 uitgebeeld word. (3 x 1) (3)

1.3.3 Noem EEN gas, wat nie in die diagram ingesluit is nie, wat aardverwarming kan veroorsaak. (1 x 1) (1)

1.3.4 Bespreek TWEE gevolge van aardverwarming. (2 x 2) (4)

1.3.5 Stel ENIGE DRIE strategieë voor wat deur mense gebruik kan word om aardverwarming te verminder. (3 x 2) (6)

1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4 wat 'n tipe reënval illustreer en beantwoord die vrae wat volg.

1.4.1 Watter tipe reënval word deur FIGUUR 1.4 uitgebeeld? (1 x 1) (1)

1.4.2 In watter provinsie in Suid-Afrika is die tipe reënval in FIGUUR 1.4 algemeen? (1 x 1) (1)

1.4.3 Word die lykant by **A** of **C** in die diagram aangetref? (1 x 1) (1)

1.4.4 Reënval kom oor die algemeen by kant **A** van die berg voor.

Regverdig hierdie stelling. (1 x 2) (2)

1.4.5 Verduidelik waarom die temperatuur styg soos jy vanaf **B** na **C**, afwaarts beweeg. (1 x 2) (2)

1.4.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoe hierdie reënval in FIGUUR 1.4 gevorm word. (4 x 2) (8)

1.5 Verwys na FIGUUR 1.5 wat die gesteentesiklus uitbeeld en beantwoord die vrae wat volg.

1.5.1 Definieer die *gesteentesiklus*. (1 x 1) (1)

1.5.2 Verskaf die korrekte name van die gesteentes gemerk **A**, **B** en **C**. (3 x 1) (3)

1.5.3 Watter gesteente wat in VRAAG 1.5.2 genoem word, is die oudste? (1 x 1) (1)

1.5.4 Beskryf hoe die volgende sedimentêre gesteentes ontstaan het en verskaf ook EEN voorbeeld van elk:

(a) Meganiese sedimentêre gesteentes (2 + 1) (3)

(b) Organiese sedimentêre gesteentes (2 + 1) (3)

1.5.5 Meld of die volgende gesteentes as *metamorfiese-*, *sedimentêre-* of *stollingsgesteentes* geklassifiseer word.

(a) Doleriet (1)

(b) Skalie (1)

(c) Gneiss (1)

(d) Dolomiet (1)

1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat sewe grense van die vernaamste plate illustreer en beantwoord die en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

1.6.1 Benoem die plaat waarop Australië aangetref word. (1 x 1) (1)

1.6.2 Wat was die naam van die eerste super kontinent wat voorheen bestaan het? (1 x 1) (1)

1.6.3 Verskaf die naam van die wetenskaplike wat die beweging van die aarde se kors voorgestel het. (1 x 1) (1)

1.6.4 Verduidelik wat met plate by konvergerende plaatgrense gebeur. (1 x 2) (2)

1.6.5 Teken 'n eenvoudige skets diagram wat 'n passiewe plaatgrens aantoon. (2 x 2) (4)

1.6.6 Die teorie van kontinentale drywing het voorgestel dat kontinente ongeveer 200 miljoen jaar gelede aanmekaar geheg was.

Bespreek DRIE bewyse wat bevestig dat kontinente voorheen aanmekaar geheg was. (3 x 2) (6)

**[75]**

## VRAAG 2

2.1 Verwys na FIGUUR 2.1 wat verskillende tipes plooiings uitbeeld.

Pas die volgende stellings/beskrywings by die korrekte etiket vanaf die diagram.

2.1.1 ŉ Afplooi

2.1.2 ŉ Opplooi

2.1.3 Die kant van óf ŉ opplooi of ŉ afplooi

2.1.4 ŉ Plooi waar die een kant steiler as die ander kant is

2.1.5 ŉ Plooi waar die een kant oor die boonste gedeelte van die ander kant gestoot word

2.1.6 ŉ Plooi waar die een kant oor die boonste gedeelte langs ŉ verskuiwing gestoot word (6 x 1) (6)

2.2 Die krag wat plooiing veroorsaak staan bekend as (kompressie/spanning) krag. (1 x 1) (1)

2.3 Kies ŉ term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf SLEGS die letter (A–I) langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer. Jy moet elke letter slegs EEN KEER gebruik.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.3.1 | Die kategorie van gasse wat in verskillende hoeveelhede op verskillende tye voorkom | A | Konveksie reën |
| | | B | Insolasie |
| 2.3.2 | Lyne wat alle plekke met dieselfde lugdruk verbind | C | Frontale reën |
| 2.3.3 | Die verandering vanaf gas na solied | D | Isoterme |
| 2.3.4 | Hierdie gas beslaan 78% van gasse in die atmosfeer | E | Stikstof |
| | | F | Kristallisering |
| 2.3.5 | Lyne wat alle plekke met dieselfde temperatuur verbind | G | Veranderende gasse |
| 2.3.6 | Die tipe reënval wat gewoonlik in Kaapstad voorkom | H | Suurstof |
| 2.3.7 | Die tipe reënval wat gewoonlik in Gauteng voorkom | I | Isobare |
| 2.3.8 | Die totale hoeveelheid energie vanaf die son | | |

(8 x 1) (8)

2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat ŉ sinoptiese weerkaart aandui en beantwoord die vrae daarop.

2.4.1 Benoem die onderskeie druksisteme **A** en **C** as óf ŉ laagdruk óf ŉ hoogdruk. (2 x 1) (2)

2.4.2 Verskaf die naam van die druksel wat as **B** gemerk is. (1 x 1) (1)

2.4.3 (a) Stel die sinoptiese weerkaart in FIGUUR 2.4, klassieke winter of somer toestande voor? (1 x 1) (1)

(b) Regverdig jou antwoord in VRAAG 2.4.3(a) deur TWEE bewyse te verskaf. (2 x 2) (4)

2.4.4 Area **D** ervaar sterker winde as area **E**.

Omskryf EEN bewys sigbaar op die sinoptiese weerkaart in FIGUUR 2.4 om hierdie stelling te ondersteun. (1 x 2) (2)

2.4.5 Verwys na stasiemodel **F** en identifiseer die volgende weerpatrone:

(a) Neerslag (2)

(b) Wolkdekking (2)

(c) Windspoed in knope (2)

2.5 FIGUUR 2.5(**X**) toon die manier hoe die sonstrale die aardoppervlakte tref en FIGUUR 2.5(**Y**) wys die ligging van Saldanha en Durban.

2.5.1 Noem EEN faktor in FIGUUR 2.5(**X**) en FIGUUR 2.5(**Y**) onderskeidelik wat temperatuurverspreiding affekteer. (2 x 1) (2)

2.5.2 Verskaf enige ander faktor nie aangetoon in FIGUUR 2.5 wat temperatuur beïnvloed. (1 x 1) (1)

2.5.3 (a) Sal die temperature in FIGUUR 2.5(**X**) hoër by area **A** of area **B** wees? (1 x 1) (1)

(b) Verskaf TWEE redes om jou antwoord in VRAAG 2.5.3(a) te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5.4 Saldanha kom voor aan die westelike kus en Durban aan die oostelike kus dele van Suid-Afrika, met dieselfde benaderde breedteligging en ervaar verskillende weerstoestande.

Bespreek waarom Durban hoër temperature, meer reënval en meer vogtigheid as Saldanha ervaar. (3 x 2) (6)

2.6 Bestudeer die skets in FIGUUR 2.6, wat die interne struktuur van die aarde aantoon en beantwoord die vrae daarop.

2.6.1 Identifiseer die lae wat deur die letters **A**, **B**, **C** en **D** aangetoon word. (4 x 1) (4)

2.6.2 Identifiseer die laag wat vir menslike lewe geskik is. (1 x 1) (1)

2.6.3 Laag **B** is warmer as laag **A**.

Verskaf ŉ rede hiervoor. (1 x 2) (2)

2.6.4 Verduidelik hoe laag **C** vanaf laag **D** verskil. (2 x 2) (4)

2.6.5 Onderskei tussen die *kontinentale kors* en die *oseaniese kors*. (2 x 2) (4)

2.7 Verwys na FIGUUR 2.7, wat ŉ saamgestelde vulkaan illustreer en beantwoord die vrae daarop.

2.7.1 Definieer die term *aktiewe vulkaan.* (1 x 1) (1)

2.7.2 Onderskei tussen *magma* en *lawa.* (2 x 1) (2)

2.7.3 Vulkaniese as is ŉ gevaar vir mense.

Ondersteun hierdie stelling. (1 x 2) (2)

2.7.4 Verduidelik hoe die vulkaniese uitbarsting gevaarlik vir vliegtuie kan wees. (1 x 2) (2)

2.7.5 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die positiewe en negatiewe gevolge van vulkaniese uitbarstings op mense en die omgewing. (4 x 2) (8)

**[75]**

## AFDELING B: BEVOLKING EN WATERMASSAS

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord moet jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

### VRAAG 3

3.1 Pas die bevolkingsaanwysers in KOLOM B by ŉ beskrywing in KOLOM A. Skryf SLEGS die letter (A–I) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer. Jy moet elke letter slegs EEN KEER gebruik.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Die aantal gebore babas per 1000 van ŉ bevolking per jaar | A | Persentasie van die stedelike bevolking |
| 3.1.2 | Die aantal sterftes per jaar per 1000 van ŉ bevolking | B | BBP per capita |
| 3.1.3 | Die gemiddelde aantal jare wat ŉ persoon verwag om te leef | C | Geletterdheid |
| | | D | Vrugbaarheidskoers |
| 3.1.4 | Die aantal sterftes van kinders onder een jaar per 1 000 lewendige geboortes | E | Natuurlike toename |
| 3.1.5 | Die persentasie van die totale bevolking wat kan lees en skryf | F | Kindersterftesyfer |
| 3.1.6 | Die tempo waarteen die land se bevolking groei, uitsluitende migrasie in of uit die land | G | Lewensverwagting |
| | | H | Sterftesyfer |
| 3.1.7 | Die gemiddelde aantal kinders wat ŉ gemiddelde vrou sal voortbring as sy tot die einde van haar vrugbare jare sou leef | I | Geboortesyfer |
| 3.1.8 | Die persentasie van die totale bevolking wat in dorpe en stede woon | | |

(8 x 1) (8)

3.2 Verwys na FIGUUR 3.2 wat die verspreiding van die wêreld se water uitbeeld. Gebruik die staafgrafiek en die geskikte persentasie soos voorsien in die boonste regterkantste hoek om die volgende waterbronne met die gegewe persentasies af te paar, bv. plante – 50%.

3.2.1 Oseane

3.2.2 Ysdekke

3.2.3 Riviere

3.2.4 Grondvog

3.2.5 Vleie

3.2.6 Grondwater

3.2.7 Atmosfeer (7 x 1) (7)

3.3 Verwys na FIGUUR 3.3 wat ŉ tipe migrasie illustreer en beantwoord die vrae daarop.

3.3.1 Klassifiseer QIMA WOONBUURT as ŉ landelike of stedelike gebied. (1 x 1) (1)

3.3.2 Benoem die tipe migrasie wat in FIGUUR 3.3 plaasvind. (1 x 1) (1)

3.3.3 Verskaf die term wat die afname in landelike bevolking beskryf. (1 x 1) (1)

3.3.4 Noem TWEE stootfaktore wat veroorsaak dat mense hulle boeredorpies soos QIMA verlaat, om in stede te gaan woon. (2 x 1) (2)

3.3.5 Stel EEN rede voor waarom die landelike gebiede hoofsaaklik met bejaarde mense oorbly. (1 x 2) (2)

3.3.6 Bespreek TWEE probleme wat stede ervaar as gevolg van ŉ groot getal mense wat daarheen verhuis. (2 x 2) (4)

3.3.7 Stel TWEE oplossings voor wat gebruik kan word om die aantal mense wat landelike gebiede verlaat, te verminder. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na FIGUUR 3.4 wat verskillende lande met hul MIV/Vigs-infeksiekoers aandui en beantwoord die vrae daarop.

3.4.1 Waarvoor staan die afkorting *MIV*? (1 x 1) (1)

3.4.2 Noem DRIE lande met hoë infeksiekoerse. (3 x 1) (3)

3.4.3 Identifiseer die land met die laagste infeksiekoers. (1 x 1) (1)

3.4.4 Verwys na Mosambiek se infeksiekoers.

(a) Stel EEN rede voor vir die neiging in Mosambiek se infeksiekoers. (1 x 2) (2)

(b) Bespreek TWEE sosiale impakte van MIV/Vigs op Mosambiek se bevolkingstruktuur. (2 x 2) (4)

3.4.5 Verduidelik TWEE metodes wat in plek gestel word om die wêreld se MIV/Vigs infeksiekoers te verminder. (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na FIGUUR 3.5 wat ŉ uittreksel met ŉ foto oor oorstromings in Kaapstad illustreer en beantwoord die vrae daarop.

3.5.1 Definieer die term *oorstroming.* (1 x 1) (1)

3.5.2 Lys TWEE natuurlike oorsake van oorstromings. (2 x 1) (2)

3.5.3 Stel ŉ rede voor waarom die Kaapse Vlakte ŉ groot oorstromingsrisiko inhou. (1 x 2) (2)

3.5.4 Verduidelik TWEE negatiewe effekte van oorstromings op die omgewing mense van Kaapstad. (2 x 2) (4)

3.5.5 Stel DRIE strategieë voor wat geïmplementeer kan word om oorstromings in die area te verminder. (3 x 2) (6)

3.6 Verwys na FIGUUR 3.6 wat oseaanbesoedeling aantoon en beantwoord die vrae daarop.

3.6.1 Definieer die term *oorbevissing*. (1 x 1) (1)

3.6.2 Lys TWEE maniere uit FIGUUR 3.6 wat aandui hoe die oseaan besoedel word. (2 x 1) (2)

3.6.3 Oseane is nuttig vir mense.

Noem TWEE maniere waarop mense die see gebruik. (2 x 1) (2)

3.6.4 Verduidelik kortliks hoe die industrieë ons oseane besoedel. (1 x 2) (2)

3.6.5 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die strategieë wat geïmplementeer kan word om ons oseane te bestuur. (4 x 2) (8)
**[75]**

## VRAAG 4

4.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies om die stelling waar te maak. Skryf SLEGS die woord(e) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Koolstofdioksied maak seewater (minder/meer) suuragtig.

4.1.2 Besoedeling van die oseaan staan bekend as (omgewings/mariene) besoedeling.

4.1.3 Meer as die helfte van die suurstof op aarde word geproduseer deur mikroskopiese plante in die oseane genoem (soöplankton/fitoplankton).

4.1.4 Die tipe seestrome wat in werking gestel word deur wind wat deur die rotasie van die aarde geaffekteer word, is (oppervlakstrome/diepwaterstrome)

4.1.5 (Ontsouting/Omgekeerde osmose) is ŉ proses om soutwater in vars water te verander.

4.1.6 Die groot eskarp verdeel Suid-Afrika in (twee/vier) vername dreineringbekkens.

4.1.7 (Kwota/Ontspanning) is ŉ beperking wat op ŉ aktiwiteit geplaas word om te verseker dat dit nie uitgebuit word nie.

4.1.8 Die vloei van water oor land staan as (afloop/infiltrasie) bekend. (8 x 1) (8)

4.2 Kies ŉ term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf SLEGS die letter (A–I) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.7) in jou ANTWOORDEBOEK neer. Jy moet elke letter slegs EEN KEER gebruik.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.2.1 | Die beweging van mense weg vanaf hulle tuisland | A | Immigrasie |
| 4.2.2 | Gedeeltes van die aarde wat geskik is vir mense om in te lewe | B | Antiretrovirale |
| 4.2.3 | Mense wat gedwing word om uit hul tuislande te vlug om te oorleef | C | Bevolkings-piramide |
| 4.2.4 | Die studie van bevolkingstatistieke | D | Xenofobie |
| 4.2.5 | ŉ Sterk afkeer vir mense vanaf ander lande | E | Ekumene |
| 4.2.6 | ŉ Tipe grafiek wat ŉ land se bevolkingstruktuur volgens geslag en ouderdom aantoon | F | Vlugteling |
| 4.2.7 | Medikasie wat mense wat MIV-positief is, help om gesond te bly | G | Emigrasie |
| | | H | Demografie |

(7 x 1) (7)

4.3 Verwys na FIGUUR 4.3, wat ŉ bevolkingspiramide van Afghanistan (2015) aandui en beantwoord die vrae daarop.

4.3.1 Gebruik die bevolkingspiramide om die volgende te bepaal:

(a) Aantal mans tussen 25 tot 29 jaar (1 x 1) (1)

(b) Aantal vroue tussen 45 tot 49 jaar (1 x 1) (1)

(c) Totale aantal mense tussen 0 tot 4 jaar (1 x 1) (1)

4.3.2 Identifiseer die ouderdomsgroep wat die grootste deel van die totale bevolking uitmaak. (1 x 1) (1)

4.3.3 Sal jy Afghanistan as ŉ ontwikkelende of ontwikkelde land beskou? (1 x 1) (1)

4.3.4 Verskaf EEN bewysstuk vanaf die piramide om jou antwoord in VRAAG 4.3.3 te ondersteun. (1 x 2) (2)

4.3.5 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls beskryf die negatiewe effekte van oorbevolking vir ŉ land soos Afganistan. (4 x 2) (8)

4.4 Lees die uittreksel in FIGUUR 4.4 (Xenofobiese aanvalle) sorgvuldig en beantwoord die vrae daarop.

4.4.1 Definieer die volgende terme:

(a) Xenofobie (1 x 1) (1)

(b) Vlugteling (1 x 1) (1)

4.4.2 Noem Brian se geboorteland. (1 x 1) (1)

4.4.3 Verskaf TWEE redes, uit die uittreksel, waarom Brian sy geboorteland verlaat het. (2 x 1) (2)

4.4.4 Verduidelik ŉ moontlike rede waarom Suid-Afrikaners nie van vlugtelinge hou nie. (1 x 2) (2)

4.4.5 Bespreek TWEE positiewe impakte wat vlugtelinge op Suid-Afrika mag het. (2 x 2) (4)

4.4.6 Stel TWEE strategieë voor wat deur die Suid-Afrikaanse regering geïmplementeer kan word om vlugtelinge te ondersteun. (2 x 2) (4)

4.5 Verwys na FIGUUR 4.5 wat ŉ hidrograaf aantoon en beantwoord die vrae daarop.

4.5.1 Noem die TWEE tipes grafieke wat op hierdie hidrograaf aangetref word. (2 x 1) (2)

4.5.2 Benoem **X** en **Y** op die grafiek as die dalende been en stygende been onderskeidelik. (2 x 1) (2)

4.5.3 Verskaf die term wat die tyd interval tussen die *reënvalpiek* en die *aflooppiek* beskryf. (1 x 1) (1)

4.5.4 Verduidelik hoe die hidrograaf van ŉ landelike gebied verskil vanaf ŉ hidrograaf in die stedelike gebied. (1 x 2) (2)

4.5.5 Die hidrograaf in FIGUUR 4.5, het steil stygende been, steil vallende been en ŉ kort vertragingstydperk.

Bespreek TWEE faktore wat die vorm van die grafiek kan affekteer. (2 x 2) (4)

4.5.6 Watter moontlike impak sal die vermindering van plantegroei op die oewer op oorstromings sal het? (2 x 2) (4)

4.6 Verwys na FIGUUR 4.6 wat die volume water wat na verskillende industrieë in Suid-Afrika versprei was in 2010 en beantwoord die vrae daarop.

4.6.1 Identifiseer die onderskeie industrieë wat die *minste* en *meeste* volume water onderskeidelik ontvang. (2 x 1) (1)

4.6.2 Noem die eenheid wat gebruik word om die volume water te meet. (1 x 1) (2)

4.6.3 Hoeveel is die totale volume water wat in 2010 versprei was? (1 x 1) (1)

4.6.4 Bereken die totale volume water wat vir huishoudings en industrie in $m^3$ versprei was. (3 x 1) (3)

4.6.5 Een van die individuele strategieë om huishoudelike watertoevoer te vermeerder is gryswater.

Verduidelik kortliks hoe om die 'gryswater'-strategie te gebruik, om water te bespaar. (1 x 2) (2)

4.6.6 Bespreek DRIE volhoubare strategieë om die nasionale watertoevoer te vermeerder. (3 x 2) (6)

**[75]**

**GROOTTOTAAL: 225**

Kopiereg voorbehou